# Hoofstuk 2

AAN MY VRIENDE (09.05.1840) HIM1.018

01] Gee My in julle wedersydse liefdesbetuiging ook 'n geleentheid om 'n kleine groetnis by te dra. Want kyk, Ek nooi Myself onmiddellik, as Ek net 'n redelike goeie happie proe. Maar Ek het geweet dat jy vandag nie onvriendelik teenoor My sal wees nie, daarom het Ek die vryheid neem om, as 'n ongenooide gas, Myself in jou midde te bevind.

02] Jy sien, hulle is die wie Ek liefhet, omdat hulle begin het om My te soek en My lief te hê, en My stem herken het deur My arm en swakke dienaar, na hulle kom Ek graag - alhoewel meer dikwels dalk op 'n ietwat ongerieflike tyd. Maar wat kan die Vader daaraan doen, dat Hy meer liefde het vir Sy kinders, as die kinders vir Hom!? Daarom moet julle alreeds krediet gee aan My groot Liefde vir julle, dat Ek Myself dikwels behoorlik aan julle kan opdring. - O My kinders, hoe ontsettend lief het Ek julle nie! Daarom het julle vir My, julle goeie Vader, ook lief, en moet julle altyd opkyk na My - of, Ek Self eenmaal jul beloning sal wees!

03] Luister, julle wat My nou graag in julle midde wil sien, Ek sal julle op een dag in die midde van My Liefde opneem en julle sal aansit aan die groot tafel van jul Vader! - Kyk, en so sal Ek vandag vir die eerste keer onder julle almal wees. Julle sal My nie sien met jul liggaamlike oë nie, maar Ek sal julle harte aanraak, wanneer My arme, swak kneg hierdie woorde tot jul bied. En weet dan dat Ek julle midde betree het!

04] Maar jy hoef nie verleë te wees oor jou vrolikheid nie, maar wees opgewek en rustig*. Want dink daaraan dat wanneer Ek met julle is, is julle ook met My, julle goeie Vader. En so is julle dan tuis, en sal die verleentheid ophou. (*MT. 5:12; Luk. 6:23; JL.EV 2:186.8; JL.EV 4:167, 15 -16; JL.EV 6:18, 10-13; JL.EV 8:103.09 )

05] Noudat Ek ten volle by julle is, aanvaar dan nou almal, My geliefde kindertjies en kinders, die allerhoogste, liefdevolle Vaderlike groet, soos Hy dit vir julle gegee het. En hierdie ware Groet van My is ook 'n ware seën vir julle, so seker as wat Ek die Ware Vader is vir julle almal, as julle Hom net so gewillig aanvaar soos wat Ek hom altyd graag aan julle gee. En hierdie groet lui soos volg:

06] Vrede sy met julle! - My Liefde is julle enigste Rykdom! En My Genade verlig die duisternis van die wêreld voor julle uit en toon aan julle met teerheid die weg van die ewige lewe! amen.

# Hoofstuk 4

DIENSKNEG LORBER EN 'N NUWE JONGELING (30.10.1840) HIM1.174

Aangaande My diensneg Lorber en 'n nuwe dissipel. Loof die Sagmoedigheid.

01] Vir aankomende Sondag het Ek beplan om julle almal om agtuur die oggend te ontmoet, by watter geleentheid Ek, as die volgende "reisdieet", alles wat julle almal op hierdie reis waargeneem het, in besonderheid sal uitlê, sodat gister se kommunikasie bloot beskou kan word as 'n aanwysing.

02] Ek moet egter bysê, dat Ek nie sulke eenvoudige taal sal besig soos wat Ek in die indeks gebruik het nie, want gister kon een of meer by homself dink dat so iets ook moontlik kon wees vir My kneg, wat maar net 'n gewone arme ou Sukkelaar is (*Styriaanse uitdrukking van iemand wat moet raap en skraap vir die heel noodsaaklikste.)*, omdat hy niks weet nie, want hy weet niks, behalwe dit wat hy deur My ontvang het.

*c Hierdie Alpe weivelde in die hoë Alpe se natuurskoon het deesdae Bergfiets roetes, stap- en ski streke, asook talle warmwater spa's en kulinêre hoogtepunte, wat tipies is van die Styriaanse leefstyl.*

03] Hy weet dit (natuurlik) en hy praat nie uit homself nie, en kan ook nie, aangesien hy veel minder as enige van julle in enigiets 'n wetenskap het. Juis om hierdie rede is hy eerder 'n taamlik geskikte hulpmiddel vir My, want daar is byna niks in sy kop nie, maar by tye des te meer in sy hart, - al wat Ek kan gebruik, omdat daar geen geheue is nie, maar 'n geheue van Liefde in en vir My, en in hierdie geheue die siening van wat Ek wil en sê. - Hierdie toestand van die mens is die regte een. - Die toestand van die "verstandige koppe" is heeltemal verkeerd en is (dikwels) niks anders nie as die mees ydele mymering van 'n siek, onnatuurlik gebruikte brein nie.

04] Ek sal dus nie so maklik praat nie. En julle gedagtes sal versmoor word, maar jul harte sal des te meer juig.

05] Maar wanneer hierdie kommunikasie verby is, kan K.G.L. onder vier oë 'n private poging aanwend by die (nuwe) man, eerde as dat enigiemand, op grond van innerlike visie en letterlike begrip en sonder enige voorbereiding of ander wetenskaplike voorligting, in staat sal wees om waarlik te kommunikeer oor enige onderwerp, skriftelik of mondelings.

06] Hierdie man is die een aan wie julle almal gedink het, en wie, indien hy verstandig uitgekies word, 'n baie bruikbare werker in My wingerd kan word. Maar sy vrye wil moet geensins onder enige dwang kom nie, **maar moet die brood van die lewe stukkie vir stukkie proe,** en dit sal gou begin om hom baie honger daarvoor te maak.

07] Hy moet ook nie té spoedig met My kneg (JL) kennis maak nie, maar eers as sy honger groter en groter geword het. En as die dors na die Lewende Water by hom intree, dan eers moet die (Skrif) boog van My "Groot Huishouding" (sien "Huishouding van God") vir hom oopgemaak word, en so ook die bykomende geskrifte. So sal hy 'n regte man word en

sal hy My weer vind waar hy gedink het hy My allermins sal vind.

08] Maar wanneer hy sal sê dat daar 'n paar dinge in hierdie Mededelinge van My is wat baie merkwaardig is, maar daar is geen orde en geen stelsel as grondslag lê nie, moet dit aan hom gestel word dat My orde en My stelsel baie anders is as dié van die mense wat tel: Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien; moet daarby egter nie dink dat elkeen van hierdie syfers slegs 'n begrensing van 'n oneindigheid is nie. Maar wat daar lê tussen een en twee en drie en so aan, dit bedink julle nie! Maar Ek het en ken die korrekte orde, en daarom sê Ek nie een, twee, en dies meer nie; maar voordat die oneindige kloof tussen een en twee nie gevul is nie, kan daar nie tot drie gevorder word nie.

09] Aan wie is dan die begin, die middel en die einde van alle dinge bekend? Ek is die Alfa en die Omega, en self die ewige Middelpunt van alle dinge. Daarom is My Ordening ook die regte een, want Ekself is die ewige Orde. En soos die nuwe mens My herontdek, so sal My Ordening en My Stelsel ook vir hom duidelik word.

10 Maar as iemand dit nie kan insien nie, moet hy maar net na die aarde en haar planteryk kyk. Waarlik, alles sal vir hom lyk soos "kruie en rape" wat deurmekaar groei. En as hy sy blik ten hemele rig, sal hy die sterre sien asof hulle net toevallig deur iemand roekeloos met 'n fosforkwas daar opgespuit is nie? - En dan sê Ek: dit is tog die grootste orde oweral! - Giftige en geneeskragtige kruie groei op een plek, sowel as distels onder die koring - en nogtans heers die grootste orde oraloor!

11] So, die messelaar gooi ook sy sanderige pleister tussen die klippe wat hy gelê het, en gee min om oor die posisie van elke enkele korrel sand. Tog sê Ek, daar is meer orde in die posisie van die korrels van sand in die pleister, as in die hele gebou. Die geleerdes sal egter sê dat so 'n bewering grens aan onsin, - waar onsin self nie bestaan nie.

12] Kyk, as daardie man net weinig aandag skenk aan hierdie dinge sal hy langsamerhand daartoe instem. Maar dit benodig Wysheid en nogal baie Liefde en sagmoedigheid. Luister! - veral regtig baie sagmoedigheid!

In sagmoedigheid moet jul mekaar verstaan,
deur sagmoedigheid ontstaan 'n heilige weefsel.
Slegs die krag van sagmoedigheid sal daarin slaag
om swakkes tot volkomenheid te bring;
want sagmoedigheid pleeg geen misdryf.
Alles kan dus daardeur bestaan.
Waar dit in die bouwerk tot grondslag gelê word,
sal dit ‘n hegte band sluit.